

**PROF MANDLA MAKHANYA, REKTOR EN VISEKANSELIER**

**UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA**

**TOESPRAAK: UNISA/TITANS-VENNOOTSAP**

**TITANS-KRIEKETTERREIN**

**15 MAART 2020**

Met dank aan ons programleier, me Cristal Peterson, Kommunikasie en Bemaking van Unisa se Skool vir Besigheidsleierskap

- Dr Jacques Faul, die Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte van Krieket Suid-Afrika
- Mnr Pierre Joubert, die Waarnemende Hoof Uitvoerende Beampte van Titans Krieket – en alle lede van Titans Krieket wat hier teenwoordig is
- Mnr Sandy Lebese en mnr Amukelani Ngwenya, ander Raadslede
- Dr Gavin Isaacs: Hoofbedryfsbeampte van Unisa se SBL
- Lede van Unisa se bestuur en ander bestuurslede wat hier teenwoordig is
- Verteenwoordigers van verskeie mediakorpse
- Hooggeplaaste gaste
- Dames en here

Dit is vir my aangenaam om vandag by die bekendstelling van hierdie opwindende ooreenkoms teenwoordig te wees. Die doel van die ooreenkoms is om:

- sport deur middel van hoër onderwys te bevorder
- leer op die bestuurs- en administratiewe vlak van uitvoerende besigheid te bevorder
- studiegeleenthede aan kwalifiserende klubkrieketspelers in Noord-Gauteng te bied
- die handelsnaam van Unisa as die beste leier in Afrika-denke te vestig

Dames en here, daar is 'n spreekwoord wat lui dat geen mens 'n eiland is nie. Dit is in die besonder vir die 21e eeuse mens waar: deur gevorderde tegnologie en digitalisering het die hele wêreld tot die grootte van 'n dorp gekrimp, en het ons almal wêreldburgers geword.

Metternich, 'n vooraanstaande 19e eeuse diplomaat, het een van die bekendste uitdrukkings oor die wêreld ekonomie uitgedink: *As Frankryk nies, kry Europa verkoue*. Hy het dit gesê in 'n tyd toe Frankryk die toon in Europa aangegee het, en Europa die wêreld oorheers het. Later is dit op Amerika van toepassing gemaak, en onlangs is dit van China gesê omdat hierdie lande se ekonomieë die grootste twee ter wêreld is. U moes dit al gehoor het: *As China nies,*

*kry die res van die wêreld verkoue.* As u ooit getwyfel het oor ons noue verbondenheid met ander lande, kyk maar na die ongekende en snelle verspreiding van die Coronavirus oor die hele wêreld sedert dit in China uitbreek het. Terwyl die wêreld sienderoë aan die verander is, kan ons nie ons wêreldburgerskap ontken nie.

Hoër onderwys het globalisering nie vrygespring nie. Ons bevind ons trouens te midde van wat die Vierde Industriële Rewolusie (4IR) genoem word. Ons in die hoër onderwys merk dat:

1. die konsep van onderwys en van die universiteit aan die verander is
2. die aard, inhoud, begrip en aanvaarding van kennis aan die verander is (60% van alle nuwe kennis ontstaan buite universiteite)
3. studenteskuld en die finansiering van instellings onvolhoubaar geraak het
4. die omstandighede, behoeftes en verwagtings van studente verander het
5. die hoëronderwyssektor ontsaglik gediversifiseer het, en dat uiteenlopende “studente” ongewone opvoedkundige behoeftes het
6. daar ’n groter wordende kloof tussen ryk en arm is wat nie met tegnologie oorbrug kan word nie

Ons moet sonder twyfel met nuwe oë na hoër onderwys kyk. As ons ons volle potensiaal wil bereik, moet ons aanvaar dat ons 'n groter basis van belanghebbendes het wat saam die universiteitsgemeenskap vorm. Daarom bestaan die universiteitsgemeenskap volgens ons uit meer as bloot ons personeel, studente en tradisionele vennote. Universiteite het nou verskeie (of nietradisionele) eweknieë en eksterne “belanghebbendes” wat samewerking en betrokkenheid meebring, die aanwending van hulpbronne bevorder, en geleenthede vir navorsing en innovering skep. Soos die meeste ander universiteite, sluit Unisa graag ooreenkomste of vennootskappe wat die behoeftes van albei partye sal bevredig.

Daarom is ons ingenome met en opgewonde oor die sluiting van hierdie memorandum van verstandhouding met die Titans. Dit is 'n sigbare manifestasie van ons wedersydse verbintenis om ons hulpbronne en vermoëns met mekaar te deel. Aan die een kant sal die Titans baat vind by Unisa se kernbesigheid deur verdere studie vir krieketspelers en krieketbestuurders. Aan die ander kant sal Unisa, en in die besonder die Unisakoor, baat vind by die handelsmerkreklame, blootstelling en gasvryheid in stadions, wat belangrik is vir die bevordering van ons handelsmerk. Sodoende kan ons saam tot die inskrywing en sukses van studente, bestuur en

administrasie, en bemarking en ontwikkeling bydra. Myns insiens is dit 'n vergestaltung van ware Ubuntu/Botho. Mense verrig wondere as hulle saamwerk om 'n gemeenskaplike doel te bereik. Dit is tot voordeel van almal.

'n Memorandum van verstandhouding toon ons gemeenskaplike waardering van en innige verbintenis tot ons medeburgers, en ons vasbeslotenheid om 'n sinvolle en meetbare bydrae te lewer tot die verbetering van mense se lewensomstandighede en, in ruimere sin, 'n verbetering van ons gemeenskappe en die vasteland.

Unisa se visie, ***Die Afrika-universiteit wat die toekoms in diens van die mensdom bepaal***, is met letterlike en simboliese betekenis gelaai en bevestig hierdie samewerkingsooreenkoms. Unisa is die grootste universiteit in Afrika en die suidelike halfrond. Studente oor die hele wêreld skryf by Unisa in. As oop e-leer-en-afstandsonderriguniversiteit, het Unisa dus 'n internasionale voetspoor en internasionale vennote. Ons studente kan studeer waar hulle hul ook al bevind. Ek dink ons krieketspelers en hulle bestuurders wat dikwels lank weg van die huis is, sal hierby baat vind.

Dit is voorwaar 'n eer om 'n bydrae tot die Titans se ontwikkeling en strewe na uitnemendheid te mag lewer. Ek vertrou en glo dat die bande wat ons vandag formaliseer, in die komende maande en jare tot albei ons instellings se wedersydse voordeel toenemend sal verstewig.

Baie dankie.